## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

**Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

### Kat kom weer Kaap toe – ná Durban-draai – Carl Thomas

1 'n Man van Swellendam het die afgelope week byna sy motor omgegooi toe hy 'n oproep uit Durban gekry het dat sy kat, wat in Oktober verlede jaar in Swellendam vermis geraak het, daar gevind is. "Die vrou wat gebel het, het gesê sy moes google waar Swellendam is toe sy die inligting op Nutmeg se mikroskyfie sien," het Jakes van Eeden (39) geamuseerd gesê.

2 Van Eeden sê hulle het Nutmeg begin 2020 by die Dierebeskermingsvereniging (DBV) in Swellendam aangeneem. Hulle het die kat op Facebook gesien en besluit hulle gaan haar aanneem. Die DBV wou Nutmeg en haar kleintjie, Emma, saam laat aanneem. So het dit gekom dat die Van Eedens albei katte huis toe geneem het. Dié stompstertkat het goed aangepas op Van Eeden-hulle se plaas, wat net buite Swellendam geleë is.

3 "Sy wou net liefkoos (cuddle), speel en het die hele plaas vol gestap – tot in die berge. Sy het 'n mooi persoonlikheid en het selfs saam met die honde geslaap."

4 Nutmeg het daarvan gehou om te jag en het snags sommer molle op die plaas gevang of in die stoorkamers vir iets gaan soek. "Dit was nie vreemd as ons haar soms vir 'n dag of twee nie gesien het nie. Sy het 'n <u>halsband met 'n Apple Air Tag</u> gedra sodat ons haar egter altyd kon vind.


Nutmeg



**Wat is die funksie van 'n Apple Air Tag?**

Hierdie halsband stuur die kat se posisie/ligging na die *Find My*-toepassing op jou selfoon. Dit wys vir jou op 'n kaart waar jou kat is. Die Air Tag stuur 'n **Bluetooth**-sein wat deur jou selfoon opgetel kan word. Dit is deel van die Find My-netwerk. Die hele proses is anoniem en geënkripteer om jou privaatheid te beskerm.

5 In Oktober verlede jaar het Nutmeg egter verdwyn. Haar Air Tag het ook geen ligging gewys nie. Sowat 'n week nadat sy weggeraak het, het haar Air Tag skielik êrens langs die pad in Swellendam opgeduik, maar sonder Nutmeg. Plakkate is toe oral in die dorp opgesit om haar te probeer vind.

6 Hulle het uiteindelik moed opgegee dat sy gevind sal word – totdat Jakes Woensdag die oproep van die veearts in Durban gekry het. Die veearts het gesê 'n polisieman, Digby Thomas, het Nutmeg daar kom aflaai. Hy bring glo gereeld diere daar by hulle aan. "Toe hulle Nutmeg se mikroskyfie skandeer, het hulle ons inligting gekry," sê Van Eeden.

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

7 Van Eeden kon Donderdag uiteindelik met Digby Thomas gesels. Hy vertel dat hy en sy vrou in die feestyd in Swellendam was. Hulle het eendag langs 'n grondpad gery toe daar 'n man met 'n boks vir hulle beduie om stil te hou. Daar was 'n kat in die boks wat hy vir R100 wou verkoop.

8 Digby Thomas het die kat gekoop met die idee om die kat na die DBV te neem, maar omdat dit feestyd was, was die plekke toe. So het hy en sy vrou toe vir Nutmeg saam met hulle huis toe gevat. Hy het besig geraak by die werk en het haar vandeesweek eers by die veearts gaan aflaai.

9 Toe Van Eeden vra of hulle Nutmeg kan terugkry, het Thomas ingestem. "Ek kon agterkom hulle het baie lief geword vir Nutmeg, maar hulle bring haar volgende maand terug na ons. Hy en sy familie gaan dan sommer hul vakansie kom klaarmaak wat hulle kortgeknip het toe hulle Nutmeg gevind het," sê Van Eeden. Hy sê hy is baie dankbaar oor Nutmeg se mikroskyfie.




[Verwerk uit: *Die Burger*, Saterdag, 18 Maart 2023]

1.1 Wat was Jakes van Eeden besig om te doen toe hy die oproep van Durban ontvang het? (1)

1.2 1.2.1 Het die vrou in Durban geweet waar Jakes van Eeden woon, alhoewel sy die inligting gehad het? (1)

1.2.2 Haal **vyf opeenvolgende woorde uit paragraaf 1** aan om jou antwoord op Vraag 1.2.1 te bewys. (1)

1.3 **Hoe** het die Van Eedens Nutmeg in 2020 gevind? (1)

1.4 Hoekom het hulle toe **twee** katte in plaas van net een aangeneem? (1)

1.5 Wat is ’n stompstertkat? Verduidelik in jou eie woorde. (1)

1.6 1.6.1 **Op watter manier** kon die Van Eedens weet waar Nutmeg op hulle plaas was? (1)

1.6.2 Hoekom kon hierdie metode (jou antwoord op Vraag 1.6.1) hulle nie help om Nutmeg op te spoor toe sy in Oktober weggeraak het nie? (1)



LIVEWORKSHEETS

1.7 Lees paragraaf 7.

Nutmeg het saam met Digby Thomas en sy vrou in hulle motor beland. Verduidelik in vier kort sinnetjies hoe dit gebeur het. (Noem 4 feite.) (2)

1.8 Waarom het Digby Thomas Nutmeg nie by Swellendam se DBV afgelaai nie? (1)

1.9 Gaan Nutmeg weer na Swellendam toe terugkeer? Motiveer jou antwoord. (1)

**[12]**

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

**Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg in jou eie woorde.**




[Bron: <www.georgeherald.com/news/Sport/Other/160184/userregister.aspx>]

2.1 Watter skool is die gasheer vir hierdie rugby- en hokkietoernooi? (1)

2.2 **Hoe beklemtoon** die adverteerder in hierdie advertensie dat dit die grootste junior toernooi in die land is? Wees spesifiek. (1)



LIVEWORKSHEETS

2.3 Hoe maak die gasskool van kleur gebruik in hierdie advertensie om hulle skool te bemark? (1)

2.4 Vir hoeveel dae het hierdie toernooi aangehou? (1)

2.5 Hoe weet ons die twee hokkiespelers in die prentjie is in verskillende spanne? (1)

2.6 Hoe kan jy die Hoërskool Outeniqua kontak om met iemand te praat oor die toernooi? (1)

2.7 Behalwe vir dié hoërskool, **wie** is ook **'n borg** van hierdie toernooi? (1)

2.8 **Bestudeer die skool se wapen.**

2.8.1 Watter **insek** is deel van die skool se wapen? (1)

2.8.2 **Kies die korrekte woord in hakies:**

Die woorde "Nobilitat Labor" is die (slagspreuk/leuse) van die Hoërskool Outeniqua. (1)


**[9]**

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENTE

**Bestudeer die spotprente hieronder. Beantwoord dan die vrae wat volg.**




[Bron: *Die Burger*]

3.1 **Bestudeer spotprent A**

3.1.1 Noem enige **visuele leidraad** wat daarop dui dat die voertuig baie vinnig beweeg. (1)

3.1.2 **Hoe** wys die ma, wat voor in die voertig sit, se **gesigsuitdrukking** dat sy **gelukkig** voel? (1)

3.1.3 **Hoekom,** dink jy, neem die man **hierdie item (1)** saam met vakansie? (1)

3.2 **Bestudeer spotprent B**

3.2.1 In watter vertrek in die huis is hierdie mense? (1)

3.2.2 **Hoe** wys die spotprent dat daar op die oomblik nie elektrisiteit in die huis is nie? (1)

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

3.3 **Bestudeer spotprent C**

3.3.1 Wat is die meisie (2) besig om te doen? (1)

3.3.2 Wat lees die vrou (3) terwyl sy na haar man sit en luister? (1)

3.4 **Bestudeer spotprent D**

3.4.1 Hoe weet ons dat die trekker se enjin aangeskakel is? (1)

3.4.2 Hoe weet ons dat die trekker vorentoe beweeg? (1)
**[9]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 Wenke vir 'n goeie nagrus



**Die slaapkenner, Chloe Angus, gee advies oor hoe om 'n goeie nagrus te kry.**

- Som die **vyf** wenke wat **Chloe** gee, en ook wat die **voordeel** van elke wenk is, in **vyf punte** op.

**Onthou:**
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elkeen van die vyf punte moet **'n wenk en 'n voordeel** bevat.
- **Elke punt** mag uit **een of twee sinne** bestaan.
- Laat 'n reël oop ná elke punt.
- Jou opsomming mag nie minder as **60 woorde of meer as 80 woorde** lank wees nie.
- Skryf die **woordtelling** aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.
- Begin elke sin met: JY MOET ...

**BLAAI OM VIR DIE ARTIKEL.**

IEB Copyright © 2023



LIVEWORKSHEETS

## Wenke om goed in die nag te slaap.

***Die sleutel tot 'n goeie nagrus is om die beste slaaptyd of "slaapvenster" te kry.***

Daar is sommige mense wat dink dat hulle tot ná middernag kan studeer óf werk óf net kuier en dat hulle dan die volgende dag nog steeds optimaal kan funksioneer. Baie van hierdie mense besef nie eers dat min slaap nie goed vir hulle is nie.

Chloe Angus, 'n slaapkenner by Cavendish Cancer Care, sê dat 'n mens 'n optimale slaapvenster moet kry, want dit sal jou brein die beste kans gee om genoeg te rus. Hierdie slaapvenster sal van persoon tot persoon verskil.

Hierdie "slaapvenster" is die perfekte (unieke) tyd vir 'n persoon om aan die slaap te raak en om dan weer op te staan. Dit is belangrik om in hierdie periode te gaan slaap. Dit sal 'n mens in staat stel om die volgende dag optimaal te kan funksioneer. Nie almal kan op net ses ure se slaap per nag funksioneer nie.

As 'n mens elke dag by jou optimale slaapvenster hou, sal jy 'n goeie gewoonte vir jou brein leer. Dit sal 'n positiewe impak op jou slaappatroon maak.

Probeer om smiddags geen drankies met kafeïen te drink nie. Hierdie tipe drankies hou jou wakker. As jy nie hierdie tipe drankie drink nie, sal jy ook gouer aan die slaap raak.

Die blou lig wat uit 'n selfoon skyn, kan jou brein oorstimuleer. Moet dit nie voor slapenstyd aanskakel nie. Dit sal keer dat jy gou aan die slaap raak.

Mense moet begin besef hoe belangrik 'n goeie nagrus is. Indien mense met slaapprobleme hierdie raad gebruik, behoort hulle elke aand lekker te slaap.

[Bron: Aangepas uit: <https://www.mattressonline.co.uk/blog/sleep-science/timing-sleep-to-your-natural-rhythms-is-key-to-a-restful-night/>]

**10 punte**

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

### Seisoenlektuur

*Daniel Hugo*

soos 'n boek kraak die lente
oop, begin te blom;
somer ritsel van bye
wat welsprekend brom

die suidoos blaai die dae
al haastiger om
sodat ons by die laaste
hoofstuk – herfs – kan kom

dan sal ons in 'n bladstil
tuin en sagte son
lank kan lees, mymerend oor
die goeie slotsom

net 'n enkel bladsy wit
word vir winter uitgesit

[Bron: Pret met Poësie – Adinda L. Cillié]



7.1 Haal 'n voorbeeld van **'n vergelyking** uit die gedig aan. (1)

7.2 **Hoe** kan ons, in strofe 1, sien dat dit besig is **om lente te word**? (1)

7.3 Wat is die **funksie** van die baie **enjambemente** in hierdie gedig? (1)

7.4 7.4.1 **Bepaal** die rymskema in strofe 2. (1)

7.4.2 **Benoem** die rymskema in strofe 2. (1)

7.5 **Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer**.

Die "suidoos" (versreël 5) verwys na die ...

A leser van die gedig.
B wind wat waai.
C die digter self.
D natuur wat onvoorspelbaar is. (1)

7.6 **Hoekom**, dink jy, gebruik die spreker die woord "**bladstil**" (versreël 9) in plaas van die intensiewe vorm "doodstil"? (1)

7.7 **Waarom**, dink jy, is daar net een bladsy (versreël 13) om die winterseisoen te bespreek? (1)

7.8 Noem **twee** eienskappe van hierdie gedig wat wys dat dit 'n sonnet is. (2)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die spotprent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.**




[Bron: *Die Burger*, 21 April 2020]

8.1 Die onderwyseres wil graag werk, maar die studente is nie lus nie.

**Alhoewel ...** (1)

8.2 Die studente moet halfagt in die klaskamer wees.

**Die studente hoef ...** (1)

8.3 Die studente het 'n toets in die eerste periode geskryf.

**Volgende Maandag ...** (1)

8.4 Het iemand in die klas die sinne verkeerd neergeskryf?

**Nee, ...** (1)

IEB Copyright © 2023



LIVEWORKSHEETS

8.5 Die studente wil gesels wanneer hulle 'n afperiode het.

**Gister...** (2)

8.6 Die seuns is moeg, want hulle speel elke pouse sokker.

**Die seuns is moeg omdat ...** (1)

8.7 Die onderwyseres sê: "Klas, julle moet na my luister."

**Die onderwyseres sê vir die klas dat ...** (1)

8.8 Die onderwyseres het elke week die studente se kennis getoets.

**Die studente se kennis ...** (1)

8.9 Die onderwyseres staan voor in die klas. Die studente ignoreer haar.

**Al ...** (1)

8.10 Die studente vra: "Wanneer sal ons weer 'n toets skryf?"

**Die studente vra ...** (1)

8.11 Die toets word Dinsdagoggend deur die studente geskryf.

**Die studente ...** (1)

**[12]**

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE**

**Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.**

**Skryf die nommer en die antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.**




[Bron: *Die Burger*, 19 Maart 2020]

Met die uitbreek van Covid-19 het baie **9.1 (huisgesin – gee die meervoud)** oor die hele **9.2 (werêld/wêreld – kies die korrekte spelling van die woord)** se omstandighede heeltemal verander. Baie mense moes feitlik **9.3 (dadelik – gee 'n sinoniem)** van die huis af begin werk. Hierdie man het nie besef dat **9.4 ( ... – gee die korrekte voornaamwoord)** vrou hom sou kry om die huis skoon te maak nie. Hy dra 'n **9.5 (blom – gee die verlede deelwoord)** doek op sy kop en hy praat met sy baas op sy **9.6 (cell phone – gee die korrekte Afrikaanse woord)**. Die **9.7 (moeg – gee die korrekte vorm van die woord)** kat

IEB Copyright © 2023


LIVEWORKSHEETS

lê en slaap op die vrou se **9.8 (lap – gee die korrekte Afrikaanse woord)** terwyl sy **9.9 (toe/na/op – kies die korrekte woord)** haar TV-program kyk. Die **9.10 (slaap – gee die teenwoordige deelwoord)** kat pla haar nie. Sy hou haar koppie en **9.11( ... – vul die korrekte woord in)** in haar hande vas. Die vrou dink dat die inperking die **9.12 (goed – gee die oortreffende trap)** ding is wat met haar man kon gebeur het. Sy **9.13 (erken/herken – kies die korrekte woord)** dat dit vir haar snaaks is om haar man so te sien werk. Hy is besig om die **9.14 (mat – gee die verkleining)** met die stofsuier skoon te maak. Gelukkig is dit 'n **9.15 (nuwe – gee die intensiewe vorm)** stofsuier wat nog goed werk. Daar is ook die vuil **9.16 (messe, vurke, borde, koppies en potte – gee een woord hiervoor)** in die kombuis wat hy moet was.

**[8]**

IEB Copyright © 2023

LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prentjie en lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies, wat by elke denkbeeldige situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van wat **jy dink** die persoon in dié situasie sou sê.
- Jy mag **nie** die vetgedrukte woorde in jou sin herhaal **nie**.
- Elke respons wat jy skryf moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.

**Die matriekdanskomitee bespreek hulle planne vir die dans.**




[Bron: Google images]

IEB Copyright © 2023


LIVEWORKSHEETS